VOLKSBLAD, Saterdag
Saturday, 11 September 2010, p. 9

Rose-Innes se kortes meesterlik

HOMING deur Henrietta Rose-Innes. Umuzi. Sagteband. R170.

HOMING is 'n versameling kortverhale deur 'n Suid-Afrikaanse skrywer wat internasionale aansien met haar skryfwerk verwerf het.

Die gemene deler in al die verhale is Kaapstad, die tuiste van die skrywer, en die omringende omgewing. Die skrywer kry dit reg om van 'n ongewone hoek na skynbaar doodgewone mense uit ons samelewing te kyk. 'n Huisvrou ontvlug van haar saai lewe deur sonder haar man in 'n hotel, wat op hul huis uitkyk, te gaan oornag. 'n Bejaarde vrou kom tot 'n sokkerster se redding, 'n eensame jong seun raak per toeval betrokke by die onderwêreld van die skollie, 'n dogter maak vrede met haar ma se selfmoord weens depressie, 'n luiperd help 'n vrou om vrede te maak met haar disfunksionele man.

Rose-Innes se ekonomiese woordgebruik maak van haar 'n meester van die genre. Elke sin is beplan en vorm deel van die kleurvolle tapisserie van emosies en insig: "Despite her vital appearance, Celia had been secretly fragile." Selfs die naamkeuse van karakters is nie toevallig nie – die vroegryp tienermeisie wat saam met 'n seun die naweek in haar ouers se strandhuis deurbring se naam is Colette; Victor oorwin sy vrese uit sy kinderdae; Callum word deur twee skollies, Black Tracksuit en Brown Shirt, gekonfronteer en hy gebruik bladsye uit *The Siege of Ladysmith* om 'n gewonde voortvlugtende se bloed te probeer opklad.

Soos in die duiwe in die titelverhaal wat telkens weer hul pad huis toe kry, ontdek elkeen van die karakters nuwe paaie om hulle eindelik huis toe te neem, nadat elkeen deur die reis getransformeer is. **– Corrie Geldenhuys, taalpraktisyn**

STORIELYN
Eenvoud laat verhale uitstaan